**6 Mei**

**Skrifgedeelte: Psalm 119:1-8 (NAV)**
**Fokusgedeelte: Psalm 119:6**

## Oor raad verleë, maar nie raad-op nie

Mense wat in glashuise woon, moenie met klippe gooi nie. Sit jy in daardie verleentheid? Christene word beskuldig dat hulle vir ander die regte pad wil wys, maar dit nie self loop nie. Ons kan vir ander sê die hoogste geluk in die lewe is om pad van die Woord te loop (vs 1). Maar die verleentheid as ek self van hierdie koers afwyk (vs 5)! Dikwels moet ons tot ons skaamte erken dat ons self nie so betroubaar is in die uitlewing van die Woord nie.
Beslis, die hoogste lewensgeluk is nie die koers wat 'n mens kies nie. Eie koers word rigtingloos. Dan loop jou lewe in skande tot 'n ongewisse, onsekere hoop. Die vaste koers begin in jou hart ... om God met jou hele hart lief te hê. Om aan ander die Woord van God voor te hou, sonder dat jóú hart daarin is, sal jou in verleentheid bring. In die kritiese oomblikke sit jy self raad-op. Met jou hart beteken dat al die gebooie in ag geneem word. Tog bewys die werklikheid van elke dag dat ons dit nie regkry nie. Daarom word by God gepleit: "Moet my tog nooit verlaat nie" (vs 8).
Inteendeel. Hy het sy eie Seun verlaat. Jesus, die Vervuller van die wet, is aan ons gegee. Hy het vir ons die straf op ons ongehoorsaamheid gedra. Deur sy gehoorsaamheid het Hy ons met God versoen. Aan ons gee Hy nuwe harte en 'n nuwe gees (Eseg. 36:26). Deur sy Gees verander Hy ons dat ons al sy gebooie in ag neem en sy bepalings ter harte neem.
Daarom mag ons soms oor raad verleë wees, maar nooit raad-op nie. My hoogste geluk is Jesus Christus, wat my kan help as ek in verleentheid kom. Ek is getuie van Jesus Christus.

*Sing: Psalm 119:1, 3 (1936)* *Ds. CA Jansen (Secunda)*